Liewe Ouer

**Lees asb. hierdie dokument DEEGLIK deur en vergewis u van die inhoud daarvan.**

Die Wes-Kaapse OnderwysDepartement (WKOD) en Hoërskool Durbanville voorsien jaarliks handboeke aan leerders. Hierdie boeke bly die eiendom van die WKOD en die Skool. Alle WKOD handboeke moet aan die einde van die jaar aan die Skool terugbesorg word. Versuim om dit te doen, kom neer op **diefstal** en sal as sulks hanteer word.

- Dit is elke leerder se verantwoordelikheid om te kontroleer dat die boeke soos gelys deur die skandering, ooreenstem met die papier waarop die leerder teken vir die ontvangs daarvan. Die leerder kry 'n kopie van hierdie lys en die ouer kan saam met die leerder die lys deurgaan en indien daar enige verskille is, moet die leerder binne 24h terugkeer na die Boekekamer om dit uit te sorteer.
- Dit is ook elke leerder se verantwoordelikheid om hierdie boeke oor te trek met plastiek om die boek te beskerm.
- Dit bly die **leerder** se verantwoordelikheid om aan die einde van elke jaar hierdie boeke aan die skool terug te besorg. Indien 'n leerder nalaat om dit te doen of indien die boeke in 'n baie swak toestand is, sal **ouers verantwoordelik gehou word vir die betaling van die vervanging van die boeke.**
- Indien 'n leerder op enige stadium die skool verlaat MOET hierdie boeke aan die skool terugbesorg word. Indien 'n leerder nie die boeke terugbesorg nie, sal ouers 'n rekening ontvang vir die vervangingsbedrag van die boeke. Terselfdertyd sal 'n leerder ook nie 'n oorplasingsvorm ontvang indien die WKOD-boeke uitstaande is nie.
- Indien enige WKOD-boeke uitstaande is aan die einde van die akademiese jaar, sal 'n leerder nie WKOD-handboeke ontvang vir die nuwe akademiese jaar voordat die uitstaande boeke nie terugbesorg is en/of die vervangingswaarde aan die skool betaal is nie.
- Wanneer graad 12-leerders aan die einde van hul skoolloopbaan die eindeksamen voltooi het, moet alle WKOD boeke aan die skool terugbesorg word. Indien nagelaat word om hierdie ooreenkoms na te kom, sal die skool nie die matrieksertifikate voorsien aan die leerders wie se boeke nie volledig terugbesorg is nie.
- ***Wanneer 'n leerder sy/haar boek(e) verloor, moet die boek(e) op eie onkoste vervang word.*** *Boeke sal dan deur die Boekekamer bestel en aangekoop word. Die Skool kan op geen stadium verantwoordelik gehou word vir die voorsiening van addisionele boeke nie; die Skool kan ook nie die risiko neem of voorraad dra as gevolg van gebeurlikhede buite die beheer van die Skool nie. Indien 'n verlore boek op enige stadium terugbesorg word aan die Skool, is daar geen terugbetaling van die uitgawes wat deur die Skool aangegaan moes word nie.*

**NAAM VAN LEERDER: .................................................................. Graad:..............**

**HANDTEKENING VAN OUER:......................................................................**